

Van ander voorsorgmaatreëls soos die enting teen bloednier, dosering teen inwendige parasiete en die dip van die diere vir beskerming teen uitwendige parasiete is ons almal bewus.

In die praktyk is dit ook opvallend dat daar 'n gebrek aan kennis bestaan t.o.v. sekere aspekte van voeding soos byvoorbeeld — die verskil tussen lekvoorsiening en byvoeding.

Met lekvoorsiening word aspekte bedoel soos hulle uiteengesit is onder punt 1.

Met byvoeding word bedoel die voorsiening van addisionele voeding om 'n sekere doelwit te bereik. Voer ons teen 'n onderhoudspeil m.a.w. vir oorlewing, of vir produksie of reproduksie. Ons praat ook van strategiese byvoeding. Daar word dan die een en dan die ander lek gebruik en dan ook te min of te veel sonder die gewenste uitwerking.

'n Paar ander knelpunte wat uitgelig moet word, is die volgende.

1. Wanneer om te begin voer.

Ons hoor dikwels dat ons betyds of vroegtydig moet begin. Dit is egter baie vaag. Is daar 'n definitiewe maatstaf wat gebruik kan word? Die ideaal sou wees om 'n paar diere te merk en met gereelde tussenposes te weeg. Indien gewigsverlies voorkom moet besef word dat byvoeding gegee moet word. Ons beskik egter nie almal oor skale nie en is gevolglik toegesê op waarneming.

2. Wat moet gevoer word.

Voor die handliggend is die antwoord dat beskikbare voere gebruik moet word. Bekende beproefde voere is maar mielies en lusern. Die sjokolademielies word sterk aanbeveel na aanleiding van baie geslaagde proewe op Neudamm.

3. Hoeveelheid wat gevoer moet word.

(a) Lek op die veld

Die sjokolademielies (SM) kan as lek op die veld gegee word teen 80—100 g/skaap/dag. Dit word aanbeveel dat 2—3 keer per week gevoer moet word en nie elke dag nie. Die koste hieraan

verbonde teen die huidige pryse is 2,82 sent per 100 g.

(b) Byvoeding op die veld

Indien nog 'n bietjie hooi op die veld beskikbaar is kan 200 SM/skaap/dag 2 maal per week gegee word teen 'n koste van 5,64 sent per skaap per dag.

Indien die diere met 200 SM per dag nog steeds gewig verloor en by die voergee-plek wag vir die voer moet dit sterk oorweeg word om hulle kraal toe te vat.

4. Kraalvoeding

In die praktyk is swaar dragtige ooie teen 300 g SM en 500 tot 750 g lusernhooi per dag gevoer met goeie gevolge.

Koste: SM @ 300 g per dier per dag = 8,46 sent
Hooi @ 500 g per dier per dag = 7,2 sent
Totaal = 15,66 sent

Indien diere slegs vir onderhoud m.a.w. vir oorlewing op kraal gevoer word, word die volgende hoeveelhede aanbeveel.

200 g SM/skaap/dag = 5,64 sent per skaap/dag
200 g hooi/skaap/dag = 2,84 sent per skaap/dag
Totaal = 8,48 sent per skaap/dag

Dit moet sterk beklemtoon word dat diere in hulle voedingsbehoefte verskil afhangende van die fisiologiese stadium waarin die dier verkeer. Byvoorbeeld, 'n gus ooi se voedingsbehoefte is baie laer as die van 'n dragtige ooi en gedurende die eerste 3 tot 4 maande van dragtigheid is die voedingsbehoefte van die ooi baie laer as gedurende die laaste maand.

By kraalvoeding is dit ook belangrik dat die kragvoer vooraf gegee moet word sodat die diere verplig is om dit te vreet voordat die hooi gevoer word. Dit moet ook oorweeg word om teen pasteurellose te ent aangesien dit probleme kan voorkom as die diere so intensief gevoer word.

Op hierdie stadium word die waarde van ons weiding seker reeds besef. Die rande wat ons vandag vir weiding in die vorm van lekke en voere oor die toonbank betaal laat ons besef wat die waarde van ons natuurlike weiveld is. Ons moet spaarsaam daarmee werk.

TERMIETE — PROBLEEM VAN DIE TOEKOMS

P.F. HORN

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, VOORLIGTINGSKANTOOR,
Posbus 71, Maltahöhe 9000.

INLEIDING


Die kaal kol in die spaarkamp word vinnig groter. Net die hardste stoppels bly oor: nêrens lê 'n blaartjie of sprietjie op die harde grond nie. Daar is geen dierspore nie want die kamp word gespaar. Oral word klein hopies korrelrige grond gesien. Hierdie tekens is onmiskenbaar — termiete!

Groot dele van ons land ondervind 'n ernstige droogte; trouens, dit is een van die belangwekkendste gebeurtenisse die afgelope paar jaar. Die implikasies daarvan

omvat alle fasette van ons bestaan. Afgesien van die droogte deel 'n hele reeks ander probleme nou die kalklig. Intussen is 'n minder opsigtelike probleem besig om ernstige afmetings aan te neem. Grasdraertermiete vermeerder baie vinnig gedurende droogtes en vererger die invloed van ondergemiddelde reënval. Droogtes duur ook langer omdat weidingsplante ernstig beskadig word deur die termiete. Omdat termietbesmettings relatief onopsigtelik is, word hulle dikwels misgekyk of net van hulle bestaan vergeet. Dit is kortstigtig en kan net lei tot ernstige probleme vorentoe.



Grasdraertermiete aan die werk.



Kaalgestroopte veld: Hoë waterafloop kan verweg word as dit reën.

VOORKOMS EN GEWOONTES

Oor die wêreld word sowat 2 000 termietsoorte aangetref. In Suider-Afrika is slegs 'n klompie soorte, waarvan veral een, nl. *Hodotermes mossambicus*, feitlik oor die hele suidwestelike deel van SWA aangetref word. Hulle kom op byna alle grondsoorte voor. In die algemene spreektaal is hulle as die grasdraertermiete bekend. Termiete is afstammeling van kakkerlak-agtige voorouers en moet nie met miere verwar word nie. Die term rysmier is in werklikheid verkeerd.

Grasdraertermiete bou nie groot miershope nie, daarom word hulle teenwoordigheid soms glad nie opgemerk nie. Klein hopies grond, ongeveer 15 cm hoog, en oesgate waarin die afgebyte plantemateriaal gedra word, is die enigste bo-grondse tekens. Daarby is die werkers baie sku en by die geringste gevaar skarrel hulle vinnig in die gate in. Ongebruikte oesgate word met kleiproppe verseël en is amper onsigbaar. Ondergronds is 'n uitgebreide nesstelsel waarvan sommige gange ongelooflik diep afgaan. 'n Geval is bekend waar termiete 'n boorgat op 'n diepte van meer as 30 m toegebou het. In hulle soektog na lewensnoodsaaklike vogtigheid word baie diep gange gebou.

Die Bybel verwys in Spreuke 6 na die mier as 'n voorbeeld van harde werk. Onder gunstige klimaatsomstandighede werk termiete dag en nag. Wanneer 'n termietkolonie op volle sterkte werk kan 'n harde geruis gehoor word, waarskynlik afkomstig van die aangesleepte plantemateriaal.

'n Termietkolonie ontstaan net na afloop van die paringvlugte van die gevleuelde voortplanters ("vlerkmier") wat gewoonlik in die lente plaasvind. 'n Mannetjie en wyfie begin deur 'n klein gaatjie te grawe wat later in die ingewikkelde nesstelsel ontwikkel. Hulle twee ontwikkel later in die koning en koningin. Alle lede van die kolonie is hulle kinders. Hoewel die koning en koningin tot 20 jaar lank kan lewe, is die lewensverwachting van die werkers maar sowat ses maande. Die koningin is die enigste aktiewe voortplanter in die kolonie. Afhangende van omstandighede lê sy tussen 5 000 en 30 000 eiers per dag! Oor haar leeftyd produseer sy tot soveel as 200 miljoen eiers.

Werkverdeling word streng toegepas. Die koning en koningin sorg vir reproduksie, die gevleueldes moet nuwe kolonies gaan stig, die soldate en werkers is slagsloos en moet al die werk doen.

VELDBESTUUR EN TERMIETE

Op onversteurde grond vervul termiete 'n belangrike rol deurdat die grond belug en plantemateriaal inge-

werk word. Waar versteuring van die ewewig deur byvoorbeeld oorbeweidings of droogtes plaasvind, neem hulle geweldig toe. Dan kan die situasie ontstaan dat alle beskikbare weiding deur die termiete opgevrete word; niks bly vir diereproduksie oor nie. Dit is wetenskaplik bewys dat termietgetalle toeneem gedurende tye van ondergemiddelde reënval. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat meer werkers dan nodig is om die nodige voedsel te versamel.

Veldbestuur speel 'n belangrike rol by die beheer van termiete. Gedurende die paarvlugte wanneer nuwe kolonies gestig word, verkies die jong koningin kaal kolle bo digbegroeiendes. Studies in Zimbabwe het bo alle twyfel getoon dat meer kolonies op kaal grond gestig word as op klimaksveld. Hierdie verskynsel het verreikende implikasies vir veldherstel. 'n Bose sirkel ontwikkel: kaal grond dra 'n swaarder termietbevolking wat veldherstel vertraag en dit nog kaler maak wat lei tot meer termiete . . .

Die skade wat termiete aan weidingsplante aanrig, is aansienlik. Graspolie word stukkie-vir-stukkie afgebyt tot op die grond. As gras skaars word word bossies aangetref en kort afgebyt. Die groeipunte waaruit die volgende groeiseisoen se eerste lote moet kom, word beskadig. Daarby word alle plantemateriaal van die grondoppervlakte verwyder, selfs skaapmis waar die nood hoog is. Vloeiende water rig groot skade aan want daar is niks om die vloei te stuit nie. Die meeste water vloei weg, die grond word swak benat en veldherstel word vertraag.

Spaarkampe word soms heeltemal opgevrete in die tyd wat diere daaruit gehou word. Op swaar besmette veld benut die termiete die volle drakrag, niks bly oor vir die diere nie. Onder sulke toestande is weidingsbestuur onmoontlik. Veldherstel sal ook net moontlik wees as die termietgetalle beperk word.

BEHEERMAATREËLS

Die meeste natuurlike vyande van termiete is al uitgeroei in die boerderygebiede. Erdvarke, bakoorkakkelse en maanhaarjakkelse se gewoonte om onder jakkalsproefdrade deur te grawe, het hulle einde beteken. Ander vyande soos tarentale, patryse, kiewiete, ensovoorts, is te min om 'n beduidende rol te speel. Waar swaar besmettings voorkom is wetenskaplike beheermaatreëls nodig. Totale uitroeiing is onmoontlik en daarby onwenslik. Dit sal heelwat kos om die getalle tot op 'n aanvaarbare peil af te bring; daarna sal termietbestryding 'n normale praktyk op elke plaas moet word om getalle in toom te hou. Die aanvanklike koste sal afhang van die graad van besmetting.

Die enigste doeltreffende metode om grasdraertermiete te beheer is deur die toediening van vergiftigde lokaas. Werkers dra dit in die neste in waar dit deur die hele kolonie versprei word, wat dan geheel en al uitsterf. Vroeër is geglo dat die kolonie sal vrek as die koningin doodgemaak word. Al wat gebeur is dat die bedrywighede vir 'n tyd lank afneem en dan weer voortgaan sodra 'n nuwe koningin ontwikkel het.

Gedurende droogtes is die lokaas besonder effektief. By gebrek aan maklik beskikbare kos word dit gretig in die neste ingedra. Wanneer gras volop is, kan termiete baie kieskeurig wees. Dan word lokaas soms heeltemal met rus gelaat. Die droogte bied besondere gunstige geleentheid om termiete goedkoop en maklik te beheer.

SAMEVATTING

Van al die probleme waarmee ons nou te doen het, is termiete die enigste een waaraan elkeen iets kan doen. Geen enkele boer kan iets aan die lae pelspryse doen nie, so ook die droogte en politieke situasie. Termiete kan egter relatief maklik bestry word. Verder: die termietprobleem is die enigste een wat nie 'n kitsoplossing het nie. Na een goeie reënseisoen sal die droogte gebreek wees, pelspryse kan dalk oornag styg en die politieke situasie sal heel moontlik binnekort stabiliseer — sonder dat die enkeling 'n vinger verroer het. Termiete word net 'n groter probleem. Doelbewuste

pogings moet aangewend word om hierdie gevaar die hoof te bied.

Goeie veldbestuur is 'n voorvereiste vir termietbeheer. Dit sal meebring dat die buurman met die kaal veld 'n groter probleem sal hê as waar goeie veld voorkom. Daarby moet termiete deurlopend beheer word en nie gewag word tot dit byna te laat is nie. Dit kan net wees dat op sommige plase dit reeds heeltemal te laat is en die veld sodanig beskadig is dat dit nooit sal herstel nie.

BRONNELYS

BISSET, J.L. 1981: Veld Research — Harvester Termite Research. Summary of Results 1975—1980. *Zimbabwe Annual Agricultural Report* pp. 124—139.

COATON, W.G.H., 1958: Die Hodotermited — Grasdraertermiete van Suid-Afrika. *Wetenskaplike pamflet* No. 375.

HARTWIG, E.K.: Grasdraertermiete en hulle bestryding. *Skyfiereeks* 97/78/A/E.


MARAIS, E.N., 1970: *The Saul of the white ant*. Human & Rossouw: Cape Town and Pretoria.

PRESTWICH, G.D., 1978: Dwellers in the dark: Termites. *National Geographic April 1978*. Vol. 153, No. 4 p.p. 533—547.

'N FOLLIKULÈRE ONDERSOEK NA DIE VERSKILLENDE PATROONVORMENDE EIENSKAPPE BY KARAKOELLAMMERS

P.H. HUGO

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, LANDBOUKOLLEGE NEUDAMM,
Privaatsak 13188, Windhoek 9000.



P.H. Hugo,
Hoof: Landboukollege
Neudamm.

SCHLUSSFOLGERUNGEN

Die Einteilung von musterprägenden Eigenschaften in erwünschte und unerwünschte Kategorien, wie dies derzeit durch den Karakulzuchtverband vorgenommen wird, wird durch diese Untersuchung als berechtigt

und korrekt befunden. Die Nahtbreite beim vertikalen S-Haar und bei Zweiten-Entwicklungstypen muß bei der Selektion eigens beachtet werden, da eine kleine Änderung an dieser Stelle in der Follikelanordnung Feudrigkeit zur Folge haben kann.

Ein S-Haartyp als Zuchtziel wird wünschenswertere Follikelanordnungen mit sich bringen, der sich vorteilhaft auf das Muster des Karakuls auswirkt.

GEVOLGTREKKINGS

Groepering van patroonvormende eienskappe in gewense en ongewense kategorieë, soos dit tans deur die Karakoeltelersgenootskap gedoen word, word deur die ondersoek as gegrond en korrek bevind. Die tussengolfspace van vertikale s-haar en tweede-ontwikkelingstipes moet spesiale aandag tydens seleksie geniet, omrede 'n klein verandering in follikelrangskikking daar, veeragtigheid tot gevolg kan hê.

'n Golftipe as teeltideaal sal uitloop op meer gewense follikelrangskikkings wat voordeel inhou ten opsigte van patroon by die Karakoel.